education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

# REKENINGKUNDE

# GRAAD 11 EKSAMEN

# NOVEMBER 2023

# KWARTAAL 4

# VRAESTEL 2

**PUNTE: 150**
**TYD: 2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n antwoordboek van 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Blaai asseblief om

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord kan word.

3. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.

4. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Waar van toepassing, toon alle berekeninge tot EEN desimale punt.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Indien jy kies om dit te doen, kan jy die finansiële aanwyser formuleblad gebruik wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is. Die gebruik van hierdie formuleblad is nie verpligtend nie.

9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk nie.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | TYDSGIDS |
|---|---|---|---|
| 1 | Bank- en Krediteure-versoenings | 45 | 35 |
| 2 | Begroting | 45 | 35 |
| 3 | BTW en Voorraadstelsels | 25 | 20 |
| 4 | Kosterekeningkunde | 35 | 30 |
| **TOTAAL** | | 150 | 120 |

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1: BANK- EN KREDITEUREVERSOENING (45 punte; 35 minute)

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Debietkaartfooie vorm deel van bankkoste.

1.1.2 Rente op oortrokke bank word in die Kontantontvangstejoernaal aangeteken.

1.1.3 'n Debietsaldo op die Bankstaat toon 'n gunstige saldo.

1.1.4 'n Debietkaart kan gebruik word om kontant by 'n OTM te onttrek.

(4 x 1) (4)

1.2 **BANKVERSOENING**

**BOSHOF WINKELS**

Die inligting wat verskaf word, hou verband met Boshof Winkels. Die besigheid word deur Theuns Delport besit.

- Themba die boekhouer ontvang die amptelike Bankstaat op die 26ste dag van elke maand. Hy gebruik dit om die bankversoening op te stel.
- EFO's word volgens datumvolgorde hernommer.

**GEVRA:**

1.2.1 Gebruik die tabel wat in die ANTWOORDBOEK verskaf word om die finale totale van die Kontantjoernale op 31 Julie 2023 te bereken. (10)

1.2.2 Bereken die korrekte banksaldo in die Algemene grootboek op 31 Julie 2023. (4)

1.2.3 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Julie 2023 op. (10)

1.2.4 Die deposito op 15 Junie [inligting A (i)] wat in die joernale en die bankstaat weergegee word, verskil. Verduidelik TWEE maniere hoe dit in die toekoms voorkom kan word. (4)

**INLIGTING:**

A Die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2023, het die volgende uitstaande deposito's en EFT's getoon:

| | **R** |
|---|---|
| Deposito gedateer 15 Junie 2023 | 19 500 |
| Deposito gedateer 29 Junie 2023 | 12 800 |
| Uitstaande EFO's | |
| EFO 297 | 9 600 |
| EFO 298 | 12 300 |
| Debietsaldo volgens Bankrekening | 53 800 |

**LET WEL:**

(i). Die deposito op 15 Junie 2023 het op die Julie-bankstaat verskyn as R15 500. Ondersoek het aan die lig gebring dat die kassier op daardie stadium bedank het. Die uitstaande bedrag moet afgeskryf word

(ii) EFO 297 is korrek aangedui as R6 900 op die Julie-bankstaat.

(iii) Die ander uitstaande deposito en EFO 298 het op die Julie-bankstaat verskyn.

B Voor die ontvangs van die Julie 2023 bankstaat, het die Kontantjoernale die volgende voorlopige totale getoon:

| KONTANTONTVANGSTE-JOERNAAL | KONTANTBETALINGS-JOERNAAL |
|---|---|
| R101 200 | R135 215 |

C Die volgende items op die Julie-bankstaat moet steeds aangeteken word:

(i) 'n Debietkaartbetaling van R1 400 vir petrol vir die besigheidsvoertuig. Theuns het nagelaat om die brondokument by die boekhouer in te dien.

(ii) 'n Direkte deposito ontvang van debiteur B. Msibi, R5 800, ter vereffening van sy rekening van R6 000.

(iii) 'n Debietorder aan Perm Versekeraars vir die besigheidsversekering, R1 800.

(iv) 'n Direkte deposito van R72 000 vanaf Derco Kollege. Dit is 'n fout op die staat aangesien dit nie op Boshof Winkels van toepassing is nie. Die bank is van hierdie fout in kennis gestel.

(v) Totale bankkoste, R825

(vi) Rente op lopende rekening verdien, R260

(vii) EFO 345 vir R6 655 was ten gunste van Boshof Winkels. Dit is in die korrekte joernaal aangeteken. Die bank het hierdie EFO in die bankrekening gedupliseer. Die bank sal hierdie fout regstel.

D Inskrywings in die Kontantjoernale na 26 Julie 2023:

- Deposito op 29 Julie 2023 R29 500
- EFO 350 aan DN Stationers, gedateer 28 Julie 2023 R 4 200
- EFO 351 aan DF Couriers, gedateer 30 Julie 2023 R 3 800

E Bankstaatsaldo op 31 Julie 2023: R?

Kopiereg voorbehou Blaai asseblief om

## 1.3 KREDITEUREVERSOENING

Gebruik die tabel in die ANTWOORDEBOEK om aan te dui hoe die betrokke saldo's sal verander wanneer die krediteureversoening voorberei word. Dui die syfer aan asook 'n + vir toename en 'n – vir afname. (13)

**INLIGTING:**

| | | |
|---|---|---|
| 1.3.1 | Saldo verskuldig aan Big Music op 31 Mei 2023, volgens die Krediteuregrootboek van Seb's Sound Clinic. | R42 794 |
| | Saldo op die rekeningstaat ontvang vanaf Big Music op 28 Mei 2023. | R45 290 |

**Foute en weglatings:**

A Big Music het aan Seb's Sound Clinic 'n afslag van R67 toegestaan. Sophia het hierdie bedrag in die Krediteuregrootboekrekening van Big Music gekrediteer.

B Faktuur 147 vir R8 890 is verkeerdelik as R8 780 in die Krediteuregrootboekrekening van Big Music gereflekteer. Die rekeningstaat het die korrekte bedrag weerspieël.

C Seb's Sound Clinic het voorraad vir R1 600 by Big Music gekoop. Hierdie inskrywing is weggelaat uit die rekeningstaat wat van Big Music ontvang is.

D Sophia het 'n EFO-betaling van R4 000 korrek aangeteken in die Krediteuregrootboekrekening van Big Music op 28 Mei 2023. Dit het nie op die Rekeningstaat wat ontvang is, verskyn nie.

E Sophia het 'n telefoniese bestelling aan Big Music gemaak vir klankbykomstighede ten bedrae van R1 350 en dit dadelik in die Krediteuregrootboekrekening van Big Music aangeteken. Hierdie transaksie het egter nie op die rekeningstaat verskyn nie. Daar is ook vasgestel dat hierdie items nie afgelewer is nie, aangesien Big Music die produkreeks gestaak het.

F Die staat toon rente van R1 470 op die agterstallige rekening. Big Music het erken dat 'n fout gemaak is en het belowe om dit op die volgende staat reg te stel.

**45**

## VRAAG 2: BEGROTINGS (45 punte; 35 minute)

### 2.1 BEGRIPPE

2.1.1 Wat is die doel van 'n Kontantbegroting? (2)

2.1.2 Identifiseer DRIE items uit die gegewe inligting wat nie in die Kontantbegroting sal voorkom nie. (3)

| |
|---|
| Kontantverkope, Kontantonttrekkings, Oninbare skulde, Huurinkomste, Waardevermindering, Wins op verkoop van bates, Rente op vaste deposito |

### 2.2 ALPHINE HANDELAARS

Die eienaar B. Potgieter benodig jou hulp met haar Kontantbegroting vir die twee maande tydperk Oktober en November 2023.

**GEVRA:**

2.2.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule. (6)

2.2.2 Maak die debiteure ten volle gebruik van die korting wat aangebied word? Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. (3)

2.2.3 Voltooi die Kontantbegroting vir Oktober en November. (31)

**INLIGTING:**

**Opsomming van transaksies**

| BESONDERHEDE | WERKLIK | | | BEGROOT | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Julie | Augustus | Septem-ber | Oktober | November |
| | R | R | R | R | R |
| Totale verkope | 67 080 | 63 900 | 64 800 | 67 200 | 84 000 |
| Totale aankope | 44 720 | 42 600 | 43 200 | 44 800 | 56 000 |
| Huurinkomste | 19 800 | 19 800 | 19 800 | ? | ? |
| Bedryfsuitgawes | 7 920 | 8 400 | 9 000 | ? | ? |

**Bykomende inligting**

A **Verkope**

Kredietverkope beslaan 50% van die totale verkope.
Debiteure word soos volg ingevorder:

- 10% in die maand van verkope (onderhewig aan 'n 5% korting)
- 70% na 30 dae (eerste maand na verkope)
- 18% na 60 dae (tweede maand na verkope)
- 2% moet afgeskryf word na 90 dae (derde maand na verkope)

B **Aankope**

- Vaste voorraadvlakke word gehandhaaf.
- 20% van alle aankope sal kontant wees en die res sal op krediet wees.
- Krediteure word twee maande na aankope van voorraad betaal.

C **Bedryfsuitgawes**

Bedryfsuitgawes word kontant betaal een maand nadat die uitgawe aangegaan is. Die bedryfsuitgawes styg met 5% per maand oor die begrotingstydperk.

D **Onttrekkings**

Die volgende onttrekkings word maandeliks deur die eienaar gemaak:

| | |
|---|---|
| Kontant | R1 360 |
| Verpakkingsmateriaal | R8 840 |

E **Huurinkomste**

Huurinkomste sal in November 2023 met 15% styg.

F **Vaste deposito**

- Vaste deposito het R180 000 beloop. Die rentekoers van 8% het onveranderd deur die jaar gebly.
- 40% van die vaste deposito sal op 1 November 2023 verval. Rente is maandeliks ontvangbaar.

G **Voertuie**

- ’n Nuwe voertuig wat R360 000 kos, sal in Oktober 2023 gekoop word. ’n Deposito van R120 000 sal aan die einde van Oktober 2023 betaal word. Die balans sal in agt gelyke maandelikse paaiemente betaal word wat vanaf November 2023.
- Waardevermindering word bereken teen R 5 250 per maand.

H **Salarisse**

Die twee werknemers wat dieselfde salaris van R5 250 verdien en vanaf November 2023 ’n verhoging van R525 sal ontvang.

I **Banksaldo**

Kontant in die bank op 30 September 2023, R52 080.

**45**

## VRAAG 3: BTW EN VOORRAAD (25 punte; 20 minute)

3.1 **BTW**

Mokhatla Handelaars is vir BTW geregistreer. Die BTW-koers van 15% is van toepassing. Sy kliënte kla dat BTW op nulkoers items gehef word en ook dat die regeringspryse onnodig verhoog deur BTW op goedere te hef.

3.1.1 Is dit eties vir Mokhatla Handelaars om BTW op nulkoersitems te hef? Verduidelik die gevolge van sy optrede in EEN punt. (2)

3.2 **THABO HANDELAARS**

Thabo Handelaars is geregistreer vir BTW teen 'n koers van 15%.

**GEVRA:**

3.2.1 Jy het ontdek dat die BTW-bedrag nie op die sperdatums betaal is nie. By navraag is ontdek dat die bestuurder die BTW-geld gebruik het om vir besigheidsuitgawes te betaal. Gee EEN punt van advies aan die bestuurder en verduidelik hoekom jy hierdie raad gee. (4)

3.2.2 Bereken die syfers aangedui deur **(a)** aan **(d)** in die onderstaande tabel. (8)

**INLIGTING:**

| | **UITSLUITEND BTW** | **BTW BEDRAG** | **INSLUITEND BTW** |
|---|---|---|---|
| Kontantverkope | 960 | **(a)** | 1 104 |
| Aankoop van voorraad | 52 600 | **(b)** | |
| Korting ontvang | **(c)** | 720 | |
| Diensgeld | | **(d)** | 106 145 |

3.3 **VOORRAAD**

**MAHARAJ HANDELAARS**

Maharaj Handelaars gebruik 'n periodieke voorraadstelsel en die finansiële jaar het op 28 Februarie 2023 geëindig. Die winsopslag van 40% op kosprys word gehandhaaf.

**GEVRA:**

3.3.1 Verskaf EEN voordeel en EEN nadeel van die periodieke voorraadstelsel. (2)

3.3.2 Gebruik die inligting wat verskaf word om die koste van verkope te bereken: (9)

**INLIGTING:**

A **Uittreksel uit die Proefbalans op 28 Februarie 2023:**

| | |
|---|---|
| Aanvangsvoorraad (1 Maart 2022) | 400 000 |
| Totale verkope | 1 333 000 |
| Totale aankope | 800 000 |
| Debiteureafslag | 33 000 |
| Vraggeld op aankope | 21 500 |
| Vraggeld op verkope | 30 000 |

B Goedere ten bedrae van, R51 000, wat op krediet by Mananki Groothandelaars gekoop is, is nie aangeteken nie.

C Maharaj Handelaars het defelkte handelsware ter waarde van R9 500 aan 'n verskaffer teruggestuur.

D Maharaj Handelaars is R4 600 gehef vir goedere wat vervoer is.

E 'n Skenking van R1 500 se handelsware is aan 'n plaaslike sokkerklub gemaak.

F Voorraadvoorhande aan die einde van die finansiële jaar, R510 000.

**25**

## VRAAG 4: KOSTEREKENINGKUNDE (35 punte; 30 minute)

4.1 Pas die beskrywing in KOLOM B by die konsep in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1.1 – 4.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer. (4)

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.1.1 Indirekte arbeidskoste | A Lone in die produksieproses |
| 4.1.2 Direkte materiaalkoste | B Salaris van Fabriekvoorman |
| 4.1.3 Direkte arbeidskoste | C Grondstowwe uitgereik vir produksie. |
| 4.1.4 Verkoop en verspreidings koste | D Oninbare skuld |

## 4.2 SASKI VERVAARDIGERS

Die besigheid vervaardig baadjies. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2023 geëindig. Die besigheid handhaaf 'n winsopslag van 50% op kosprys.

**GEVRA:**

4.2.1 **Verwys na Inligting C.** Bereken die direkte arbeidskoste vir die finansiële jaar: (7)

4.2.2 Stel die volgende rekeninge voor:
- Grondstofvoorraadrekening (8)
- Goedere in bewerking voorraadrekening (8)

**INLIGTING:**

A. Voorraadsaldo's:

| | **28 FEBRUARIE 2023 R** | **1 MAART 2022 R** |
|---|---|---|
| Grondstofvoorraad | 43 200 | 27 500 |
| Goedere in bewerking | 27 420 | 23 444 |

B. **Transaksies vir die jaar:**

(i) Grondstof kontant aangekoop, R121 000.

(ii) Grondstof op krediet aangekoop beloop R141 400.

(iii) Beskadigde grondstof ter waarde van R9 200 is aan die krediteure teruggestuur.

(iv) Afleweringskoste betaal op aankope van grondstof, R7 500.

(v) Totale fabrieksbokoste vir die jaar, R?.

C. **Direkte arbeid:**

| | |
|---|---|
| Aantal werkers | 5 |
| Normale ure gewerk (basies) | 1 520 per werker |
| Normale tydstarief | R30 per uur |
| Totale ure oortyd vir alle werkers | 420 ure |
| Bonus aan werkers | 12% van normale lone |
| Oortydtarief | 1,6 keer normale tyd |

D. Totale verkope vir die jaar het R930 000 beloop.

E. Daar was geen klaarprodukte aan die begin en einde van die jaar nie.

Kopiereg voorbehou 

4.3 **STYLES MAKER**

Lez Styles, die eienaar wil die vordering van die besigheid evalueer en het die volgende data verskaf rakende die produksie en verkope.

Die produkte word teen 'n winsopslag van 50% op kosprys verkoop. Die finansiële jaar het op 30 Junie 2023 geëindig.

**GEVRA:**

4.3.1 Toon ‘n berekening om te bevestig dat die gelykbreekpunt 1 500 eenhede vir die jaar geëindig 30 Junie 2023 is. (3)

4.3.2 Verduidelik of Lez tevrede moet wees met die vlak van produksie wat vir hierdie finansiële jaar behaal is. Haal bedrae aan. (2)

4.3.3 Lez is bekommerd oor die beheer oor direkte arbeidskoste per eenheid.

- Verduidelik hoekom sy dalk bekommerd is. Haal bedrae aan. (2)
- Gee EEN voorstel oor hoe sy beheer oor hierdie koste kan verbeter. (1)

**INLIGTING:**

| | **30 Junie 2023** | | **30 Junie 2022** |
|---|---|---|---|
| | **TOTAAL R** | **EENHEIDS-PRYS R** | **EENHEIDS-PRYS R** |
| Direkte materiaalkoste | 76 000 | 38,00 | 32,00 |
| Direkte Arbeidskoste | 64 000 | 32,00 | 22,00 |
| Verkoop- en verspreidingskoste | 30 000 | 15,00 | 12,00 |
| **TOTALE VERANDER -LIKE KOSTE** | 170 000 | 85,00 | 66,00 |
| Fabrieksbokoste | 44 000 | 22,00 | 20,00 |
| Administratiewe koste | 16 000 | 8,00 | 8,00 |
| **TOTALE VASTE KOSTE** | 60 000 | 30,00 | 28,00 |
| Verkope | 250 000 | 125,00 | 110,00 |
| Eenhede vervaardig en verkoop | 2 000 eenhede | | 1 500 eenhede |
| Gelykbreekpunt | 1 500 eenhede | | 955 eenhede |

**35**

**TOTALE PUNTE: 150**

| GRAAD 11 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYDER FORMULEBLAD | | |
|---|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Totale verdienste per vennoot}}{\text{Vennoot se gemiddelde ekwiteit}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$ | |
| Bedryfsbates: Bedryfslaste | (Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste | |
| (Handels- en ander debiteure + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste | | |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$ | |
| $\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1 \quad 1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$ | |
| Nie-bedryfslaste: Eienaarsbelang | Totale bates: Totale laste | |

Kopiereg voorbehou